

JAAREINDE

Ek dink 2019 was die langste jaar ooit. En die kortste jaar. Is dit vreemd? Die jaar was tegelykertyd lekker en sleg. Dit was soet en dit was suur.

IS EK DIE ENIGSTE EEN WAT SO VOEL?

Ek wonder baie oor die Israeliete. Hulle moes in Egipte vir sewe dae per week harde dwangarbeid verrig. Elke lieue dag. Moses word aangesê om die duisende mense uit Egipte te lei tot in die Beloofde Land. Die Here gee die Wet by Sinaï, en ewe skielik hoef hulle nou net vir ses dae uit die sewe te werk. Dit moes vir hulle 'n aanpassing gewees het.

Meeste van ons is in die bevoorregte posisie om 'n werk te hê en een dag per week te rus. Wel, ons is veronderstel, want dit is wat deur God voorgeskryf is. Of ons dit regtig doen, al is ons Sondae "af", is debatteerbaar.

Wanneer Augustus aanbreek, voel dit gewoonlik asof daardie een dag per week nie meer goed genoeg nie. Ons voel letterlik hoe die menslike brandstof uitgeput raak. Dit raak moeiliker om so vroeg op te staan, en dit voel of daar 'n ton klippe op jou skouers rus. Drie maande daarna word almal deur "Novemberitis" aangetas. En dit is totaal aansteeklik.

JOU WOORDE VIR DIE JAAR IS GEDAAN. Jy is gedaan. Jou senuwees is op hol. Jou lyf is moeg. Jy kan net nie meer nie.

Die ironie is dat daar 'n swetterjoel funksies is wat bygewoon moet word: alles moet toegesluit en afgesluit word. Kantoorpartytjies waarin almal simpel Kersfeeshoedjies dra. Dalk is daar een of twee Kersklappers (hopelik nie). Ons sweet deur hierdie funksies, want dit is soort van tradisie. Dalk wil die base ook dankie sê vir jou harde werk. Ek sal nie omgee om eerder nog so 'n nul of twee op my salarisstrokie te hê nie, maar indien nie, sal ek graag die keuse wil hê om die jaareindfunksie by te woon, al dan nie.

Meestal is die afsluitingsfunksies stywe geleenthede waar die meeste beste voetjie voorsit. Een of twee glo dat hulle net persoonlikheid kan hê ná 'n paar drankies, maar ander sit en grynslag en maak of dit die lekkerste partytjie ooit is.

EINTLIK IS ONS MAAR NET MOEG. UITGEPUT. Ons het 'n arm en 'n been gegee en wil net hierdie jaar verby kry voordat ons kragte gedaan is. Dalk is diegene met wie ons koppe gestamp het, ook op die jaareindfunksie. Dan moet jy maar jou *screen saver* opsit en tot honderd tel.

Ons jaareindfunksie was by 'n musiekteater. Baie informeel. Die lekkerste was dat ek saam met ses ander kollegas aan een tafel kon sit en net die basiese



kon sê. Ons het gaan sit, borde tapas is bedien en die musiek het begin. Ek het saamgesing, gedans en gegil van lekkerte. My rug gedraai op my tafelgenote. Veertig minute daarna was die pouse, ons het soos in Pygmalion gesels oor die weer en ons algemene gesondheid. Die volgende veertig minute was weer sing, dans en gil. Ek was hees toe die konsert verby is.

Dit was sekerlik die lekkerste jaareindfunksie wat ek al bygewoon het. Soms is dit lekkerder om te wêes, al is dit sonder woorde.

As jy moeg gewerk is, wees dankbaar, want jy het die geleentheid gehad om 'n salaris (of dalk 'n footjie?) te verdien en sodoende 'n geleentheid gehad om jou gesin toe kon onderhou.

Wat gebeur ná die jaareindfunksie? Lewers gaan jou kantoor vir ten minste vier dae sluit om Kersfees en Nuwejaar te vier.

GEBRUIK HIERDIE KERSFEES OMIEMAND TE LAAT GLIMLAG. Ja, geld help, maar maak net een keer oogkontak met die kassiere by 'n winkel. Wens haar 'n heerlike dag toe. Al gee jy nie vir die bedelaar op straat 'n handvol geld nie, glimlag vir hom. Waai vir die mense wat agterop 'n bakkie ry. Knik vir die een wat langs jou by die verkeerslig stop. Gee 'n ander motoris die geleentheid om eerste te ry.

Jy is amper leeg teen hierdie tyd van die jaar. Jou naaste is ook amper leeg, hulle het, soos jy, ook 365 dae agter die rug.

Gebruik hierdie Kersfees om iets vir iemand te beteken. Nooi iemand om saam met jou 'n stuk brood te eet, moenie dat iemand alleen Kersfees vier nie. Al glo jy nie dat Jesus op 25 Desember gebore is nie. Gaan gee vir 'n ou oom of tannie wat alleen is, 'n drukkie of pakkie koekies. Dit gaan niks van jou verg nie. Ons het so baie skatte om te deel.

Ek dink 2019 was die langste jaar ooit. En die kortste jaar. Ek kyk terug en sien mylpale wat spreek van persoonlike groei, al was dit seer. Daar was nederlae, maar elke keer het ek opgestaan. Daar was geleenthede wat ek dalk anders moes aanpak, iets anders moet gesê het of dalk moes stilbly. Daar was lig en daar was donker (veral met Eskom). Dit is maar deel van my daaglikse leerproses.

Al het ons letsels oorgehou. Ons het dit tot hier gemaak.

Mag jy 2019 afsluit met diepe dankbaarheid vir wat jy het en vir wie jy is. Mag jy deur jou naaste se oë na jouself kyk.

En wees goed vir jouself.

Heilbron
Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Diensentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Diensentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM-TYE VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek-tye

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week
oop vir die publiek en tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.



KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Sondag 22 Des.: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Woensdag 25 Des.: 08:00 Gesamentlike Kersdiens (Moeder)
Sin Kol: Volksblad Omgeefonds
Sondag 29 Des.: 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Dinsdag 31 Des.: 18:00 Gesamentlike Oujaarsdiens (Suid)
Sondag 5 Jan. 2020: 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Deurkol: Christelike Polisievereniging / Blok 2

NG SUID

Sondag: 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Sin Kol: Volksblad Omgeefonds

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 1 en 2
Sondag 22 Des.: 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 3 en 4
Woensdag 25 Des.: 08:00 Kersdiens
Sondag 29 Des.: 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 5 en 6

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondag: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

AGS, PLEINSTRAAT 72

Sondag: 10:00 Erediens
Woensdag Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Pastoor L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

CHRISTUS-GEMEENTE

(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
Sondag: 10:00 Erediens (Heilbron)
Sondag 22 Des.: 10:00 Erediens (Heilbron)
Woensdag 25 Des.: 08:00 Christusfees (Heilbron)
Sondag 29 Des.: 10:00 Erediens (Heilbron)
Sondag 31 Des.: 18:00 Oujaarsdiens
Sondag 5 Jan.: 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte DVB / Skinkbeurt Groep 2

METHODIST CHURCH

Sundays: Worship service 09:30
Almal welkom / All welcome
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE-GEMEENTE

Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Sondag: 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
Woensdag Biduur: 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Sondag: 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Woensdag Biduur: 18:00

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
Woensdag: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jegaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke of navrae:
Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS-KERK SANDERSVILLE

Sondag: 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel
Woensdag Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Sondag: Heiligmaking om 10:30
Dinsdag: 17:00 Jeugdientste & Oefening
Woensdag: 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000

AFRIKAANSE BAPTISTE-KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
Dinsdag: 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en
www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir
huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience
he proves that he believes)